AANKONDIGINGE

11 NOVEMBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars: Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

VYF-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:00	**EREDIENS** Deurkollekte: Alta du Toit Nasorg Erediensspan 3 – Johan Norman	Ds. Hannes Burger
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Verskeie lokale
18:00	Informele Aanddiens/Kruiskompas Bankkollekte	Ds. Chris Barnardo
19:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
ALTA DU TOIT NASORG

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
1 Sam 1:4-20, 2:1-10; Heb 10:11-25; Mark 13:1-8

MAANDAG, 12 NOVEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 13 NOVEMBER
09:30 Senior Burgers Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 18:00 Begrotingsvergadering in konsistorie 19:00 Pannie se kleingroep – byeenkoms by Pannie se huis 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 14 NOVEMBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 09:30 Othello Bybelstudie – in die kroeg by Desdemona
DONDERDAG, 15 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Ons kyk fliek Sopkombuis: Christelle Smit, Marina Rogotta, Etetia Conradie, Sorina Greeff, Elsabé Marais, Marieta Pienaar Kerkraad: verslae vir volgende week se kerkraadsvergadering moet ingelewer word by kerkkantoor
VRYDAG, 16 NOVEMBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 17 NOVEMBER
SONDAG, 18 NOVEMBER
SES-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSE 09:00 Oggenddiens - Gesinsdiens Deuroffer: Studente-bearbeiding Erediensspan 1 – Chris vn Niekerk 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Snr kategese en belydenisklas 19:00 AANDNAGMAAL

VANDAG SE DEUROFFER

ALTA DU TOIT NASORG

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings- en ontwikkelingsprogramme.

Die hantering van kliënte word bestuur deur ’n multidissiplinêre span, wat persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, toesighouers in die werksareas, arbeidsterapeute, asook die maatskaplike werker insluit. Toegewyde personeel sorg dat AdTN vir die kliënte ’n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Met die nodige liefde en ondersteuning word verseker dat ons kliënte eerstens goed versorg word, maar word daar ook omgesien na hul fisiese, emosionele en geestelike behoeftes.

Ons huisves 174 kliënte in vier koshuise, en ontvang ook op weeksdae 59 dagsorg-kliënte in ons werks- en terapeutiese areas. Die jongste kliënt is 18 jaar oud en die oudste is ’n dame van 75 jaar. Ons kliënte bly by AdTN tot hul afsterwe. Dit veroorsaak ernstige finansiële verpligtinge wat nie voldoende deur die Staat verlig word nie. Ons kliënte is spieëltjies waarin ons elke dag kan sien en bewus word van hoe groot ons dankbaarheid moet wees vir die wonderlike talente en gawes wat ons uit die Vaderhand ontvang. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer en dra ongelooflik by tot die volhoubaarheid van ons sentrum.

Mnr George Gordon **|** 021-913-2106 **|** admin@altadutoit.org.za **|** www.altasorg.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

11/11 Roelf Maré, Albie Lintvelt, Peter Abrahams
12/11 Maggie Visagie, Oden Scott, Joanita Theron, Marlie du Toit, Anja le Roux
13/11 Martel Coetzee, André Warwick, Chris van Niekerk, Ingrid Grundling, Ria Koekemoer
14/11 Vanora Boonzaaier
15/11 Marilie Tiller, Laurette Brink, Kobus Nel, Alex Abrahams, Carien van der Merwe, Deon Lambert
16/11 Willie Hill, Adélia Rossouw, Daniël Brink, Danie Campher, Elizmarié Saayman, Elmari Schwenke-van der Walt, Ilse Rabie
17/11 Desiré van Wyk, Tronell Lessing, Altus Geyer

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wie kinderlik op God vertrou, weet dat sy liefde nie minder is in ons dae van donkerheid as in ons dae van sonskyn nie. Daar is geen moment waarin ons God nie kan en behoort te dank vir sy teenwoordigheid by ons en die liefde waarmee Hy ons voortdurend dra en omring nie.

WILLIE JONKER

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Die volgende limdate se lidmaatskapsertifikate is ontvang. Baie welkom.
   - Flippie en Sue-Lynn Esau vanaf Grabouw
   - Rudolph Bester vanaf Paarl Strooidakkerk
   - Corrie Fritz vanaf Kuilsrivier (Moedergemeente)
2. Pannie Engelbrecht (Pionier straat 25) het ‘n pasaangeër ontvang. Dit gaan baie goed met hom.
3. Nicky Snyman (Suni Singel 9) se pa is oorlede.
4. Martie Joubert (Othello) sterk aan na ‘n operasie.
5. Sophie Gourrah (Annandale straat 18) is in die hospitaal opgeneem.
6. Elize Booyens (Othello) gaan in die week ‘n operasie ondergaan.
7. Elize van Niekerk (Othello) het die afgelope week ‘n operasie ondergaan.
8. Sarie Donaggi (Othello) is tuis na ‘n operasie.
9. Natalie Kennedy (Brackenfell) is in die hospitaal.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
5. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 21 November 2018 om 19:00 in die konsistorie.
6. Die verslae vir bogenoemde vergadering moet teen Donderdag om 13:00 ingelewer word by die kerkkantoor.
7. Let asb. daarop dat die senior kategese volgende week reeds om 18:00 plaasvind as gevolg van die jaarlikse AANDNAGMAAL om 19:00 in die kerksaal.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 3 stukkies verkoop en die totaal is nou 292 van 2000.

DANKOFFERFEES: 28 OKTOBER

Ons sê baie dankie aan al ons lidmate wat reeds hul Tiende Maand Dankoffer gegee het, hetsy per koevert of elektronies. Die bedrag van R341 057 (347 bydraes) is reeds ontvang teenoor verlede jaar se R288 905 (307 bydraes). Ons doelwit vir vanjaar was R300 000.

Lidmate kan steeds hul koevertjies in die bordjies plaas.

JAN KRIELSKOOL

Jan Krielskool het die volgende poste beskikbaar:

1. Nutsman
2. Tuinier
3. Busbestuurder (kode 10 of 14 met geldige PDP)

CV moet vergesel word met twee getuigskrifte en stawende dokumente van ondervinding. Handig CV by skool in, geen faks of e-posse nie.

Aansoeke sluit 12 November 2018

Navrae: Mev Bosman 021 900 3275

KERSGESKENKE

Ons wil graag vanjaar weer vir die kinders van Kayamandi en Koelenhof kersgeskenke gee. Hierdie is beide baie arm gemeenskappe en vir baie kinders is ons geskenk dalk die enigste wat hulle gaan kry.

Neem ‘n kaartjie van die bome in die voorportale en koop ‘n geskenk volgens die geslag en ouderdom op die kaartjie. Die geskenk moet asb nie meer as R100 wees nie. Plak die kaartjie op die geskenk en bring dit na die erediens of kerkkantoor teen 4 Desember 2018.

Baie dankie aan almal wat ‘n verskil in die kinders se lewe gaan maak

DE EIKE KOSKAS

Bydraes vir die koskas kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word. Enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens is welkom.

SKOOLSKOENPROJEK – BOTTELARY LAERSKOOL

Dit het onder ons aandag gekom dat daar bittere armoede heers by die Bottelary Laerskool. Die kinders word nie voorsien van die nodige klere, en ander benodigdhede nie. Daar is ‘n voedingskema by die skool.

Die grootste behoefte is egter swart skoolskoene. Dikwels is die kinders se skoolskoene ook die enigste skoene wat hulle besit.

Ons het dus die volgende versoek : As jy vir jou kind nuwe skoolskoene aanskaf, en daar is nie ‘n jonger kind wat dit moet erf nie, sal jy asseblief die skoene Kinderkerk of kerkkantoor toe bring? Ons sal dan sorg dat dit by die Bottelary skool versprei word.

Groete. Riëtta Odendal, Organiseerder : Kinderkerk

SENIOR BURGER KLUB UITSTAPPIE

Die Senior Burgerklub se uitstappie die vierde kwartaal is na die Planetarium in Kaapstad. Ons vertrek op 22 November 2018 om 09:00 vanaf ons kerkgebou per bus na Kaapstad. Ons gaan eers na die Waterfront waar ons by ‘n restaurant gaan “brunch”. Daarna gaan ons die Planetarium aan die bokant van die Tuine besoek. Ons afspraak by die Planetarium is 12:45 en hulle is bereid om die program(van 45 minute) vir ons in Afrikaans aan te bied! Daarna keer ons terug huistoe en vertrou ons gaan voor die ergste middag-verkeer terug by De Eike wees.

Kostes: R30 per persoon

Bespreek en betaal asseblief by die Kerkkantoor – gou maak – die bus is amper vol.
By die restaurant betaal elkeen vir hom-/haarself.

HULP MET BEGRAFNISSE

Ons is op soek na lidmate wat bereid is om van tyd tot tyd te help om broodjies te maak vir ‘n begrafnis wanneer daar vanuit die betrokke wyk nie voldoende broodjies gekry kan word nie. Ons benodig ook soms hulp met die bediening van die tee.

Indien jy op dié manier betrokke wil raak by die kerk se werksaamhede, skakel asb met die kerkkantoor sodat ons jou naam op die lys van vrywilliges kan plaas.

BYBELS VIR KINDERS

CARPE DIEM MEDIA het die volgende twee spesiale aanbiedings tans op Bybels vir kinders.

die Bybel@kinders
God se boodskap in ’n taal wat kinders verstaan, onder redaksie van Stephan Joubert, Hennie Stander en Jan van der Watt.

dieBybel@kinders bevat die Ou en Nuwe Testament in ’n taal wat kinders verstaan. Dit is ideaal vir voorlees, maar tog is die taal so maklik dat dit net reg is vir selflees ook.

Aan die begin van elke boek is daar ’n kort inleiding wat die opsomming van die inhoud gee, om dit maklik en verstaanbaar te maak. Die Bybelboeke is ook in korter dele ingedeel met ’n opskrif wat mooi verduidelik waaroor die spesifieke deel gaan.

Die sinne is lekker kort en lees maklik omdat eenvoudige woorde gebruik is.

Kliek op voelgoedboeke.co.za/bybel-kinders en spaar 50% - **R174** was R349.

52 mooiste Bybelstorie
Jaco Thom het 52 stories gekies en dit in ’n lekker maklike storie-formaat oorgeskryf sodat kleiner kinders dit kan verstaan én terselfdertyd ’n liefde vir Jesus kweek.

Al die belangrike mense van die Bybel is hier...Jakob met sy twaalf seuns, Moses in sy bedjie op die Nylrivier en Dawid, wat die reus met sy slingervel aanvat.

En natuurlik Jesus en wat Hy gedoen het...hoe Hy duisende mense kos gegee het, ’n groot storm op die see stilgemaak het, en hoe goed Hy vandag nog vir ons is.

Elke storie het ’n volkleur prentjie wat die storie uitbeeld.

‘n CD, voorgelees deur radio-aanbieder Janine van Niekerk, is ook ingesluit.

Kliek op voelgoedboeke.co.za/mooiste-Bybelstories om te bestel. Prys op webwerf beskikbaar.

JUNIOR KERKRAAD - FLIEKAAND

Die Junior Kerkraad (Jeug kommissie) bied op Vrydag 30 November 2018 ‘n fliekaand hier aan. ‘n Reuse skerm word op die parkeerterrein opgeslaan en almal geniet die fliek GREASE saam in die buitelug. Heerlike verversings sal te koop wees. Kaartjies teen slegs R60 is by die kerkkantoor beskikbaar.

Sien die plakkate op die kennisgewingsbord vir meer inligting

PREEKSKETS 11 NOVEMBER 2018

PREDIKER: DS. HANNES BURGER

TEMA : ‘n NUWE BEDELING

SKRIFLESING: HEB:9:23-28

Loflied – lied 464:1,3 & 4
Skuldbelydenis – lied 238:1 & 3
Na die geloofsbelydenis – lied 238:5
Uitstuurlied – lied 453:1-3

Ons het mos maar elkeen ons goed wat ons opgewonde maak.

- Vir my is die verbysterendste mense se kreatiwiteit.

1. **Ons God is die Skepper**
   - Lees maar weer die verstommende verhaal van Genesis 1 en 2.
   - God kon deur net ‘n woord te sê, alles tot stand bring. En alles was goed!
   - Dit stop natuurlik ook nie daar nie. Dink hoe Hy vir Homself ‘n volk geskep het...

2. **Maar nou vir die toppunt van goddelike kreatiwiteit...**
   - Op ‘n manier was die resultaat van sy skeppingskrag egter onbevredigend.
   - Die mens het verhoudinge vertroebel, die natuur verwoes en mekaar uitgeroei.
   - Selfs die verbond wat God daargestel het, is geminag en vernietig.
   - En toe kom wys God ons een dag waartoe Hy in staat is, en begin van voor af.
   - En ek en jy is bevoorreg om elke dag daarin te mag lewe!!!

3. **Maar nou stop dit selfs ook nie daar nie**.
   - Het jy al opgemerk dat kreatiwiteit oorerflik is?
   - Dis ook deel van sy beeld wat God in ons ingeskep het.
   - Party ouens kan komponeer, of skryf, of skilder, of ander mooi goed maak.
   - Maar dis alles buite ons; die eintlike kreatiewe gawe is dat ons nie hoef tevrede te wees met goed soos hulle is nie – ons kan ‘n verskil maak!
   - God roep jou om jou omgewing te gaan verander.